NHLRP | National Home Language Reading Programme

# Storiebundel

## AFRIKAANS
HUISTAAL

GRAAD 3

KWARTAAL 3



basic education
Department: Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NATIONAL EDUCATION COLLABORATION TRUST

ETDP SETA

2030 NDP

Read to Lead
A Reading Nation is a Leading Nation

SACE



# Storiebundel

Graad 3 | Kwartaal 3

## AFRIKAANS


NHLRP | National Home Language Reading Programme


**Copyright © 2026 National Educational Collaboration Trust (NECT)**
This work is licensed under a **Creative Commons Attribution–NonCommercial–NoDerivatives 4.0 International License (CC BY-NC-ND 4.0)**.
Additional permissions beyond the scope of this license may be available. For further information, please contact the publisher at **materials@nect.org.za**.
**First edition, 2026**

NHLRP | National Home Language Reading Programme

# KWARTAAL 3

# KAART VAN SUID-AFRIKA




Vars eiers te koop
Limpopo
Trevor Noah, die verkleurmannetjie
Zandri leer om te mediteer
Mpumalanga
Gauteng
Noordwes
Almal se Suid-Afrika
Vrystaat
KwaZulu-Natal
Zander staan sy man
Indiese Oseaan
Oos-Kaap

# WÊRELDKAART





Greta Thunberg, 'n klimaatsverandering-heldin!
Asië
Europa
Afrika
Stille Oseaan
Indiese Oseaan
Australië
Antarktika

# KWARTAAL 3 VERHALE






Vars eiers te koop 1



Kelvin Doe: DJ Focus 15



Zander staan sy man 31



Greta Thunberg, ’n klimaatsverandering-heldin! 43



Trevor Noah, die verkleurmannetjie 57



Almal se Suid-Afrika 71



Zandri leer om te mediteer 85



Wie is Katherine Johnson? 99

VERHAAL1

# VARS EIERS TE KOOP

Tema: Ons is entrepreneurs





## Agtergrondinligting

- Hierdie teks is ’n fiksie-verhaal.
- Dit speel af in Suid-Afrika.
- Dit vind plaas in die hede.
- Hierdie verhaal sal u leerders help om te verstaan dat entrepreneurs dit wat hulle het, gebruik om probleme op te los, besighede te begin en geld te verdien.



## Begripstrategie: Maak afleidings

- Wat is dit? Om dinge te raai wat die skrywer nie direk verduidelik nie, deur leidrade in die verhaal te gebruik.
- Hoekom gebruik ons dit? Om dieper betekenisse en verborge boodskappe te verstaan.
- Hoe help dit ons? Dit help jou om gevolgtrekkings te maak terwyl jy lees, en om die storie en karakters beter te verstaan.



## ’n Paar punte om met u leerders te deel

- Hoenders lê eiers, gewoonlik een op ’n slag. ’n Mens kan die eiers bymekaar maak en eet.
- ’n Hoenderhok is ’n skuiling of huis waar hoenders bly. Dit hou hulle veilig en maak dit makliker om hul eiers bymekaar te maak.
- Proteïen is ’n voedingstof wat in voedselsoorte soos eiers, bone, vis en vleis voorkom. Dit help ons liggame groei en sterk bly.
- ’n Besigheid is wanneer mense iets maak, kweek of verkoop om geld te verdien. In die verhaal verkoop Ouma eiers aan klante.



Om hierdie strategie te gebruik:

| Bladsy en paragraaf | Lees | Sê |
|---|---|---|
| 3, 1 | Rudi se ouma het baie hoenders. Ouma se hoenders lê baie eiers. “Eiers is vol proteïene!” sê Ouma altyd. Elke oggend eet Rudi en sy suster, Riandi, eiers vir ontbyt. Soms eet hulle selfs pap en eiers vir aandete. Maar daar was altyd eiers weggesteek op die werf. | Ek kan aflei dat Rudi se gesin meer eiers het as wat hulle kan gebruik. Hulle eet heeltyd eiers en het steeds ekstra eiers. |
| 8, 4 & 5 | Toe maak hy sy advertensiebord: Heerlike vars eiers te koop! Vol gesonde proteïene!<br><br>Hy verf eiers op die advertensiebord sodat dit mense se oog sal vang. | Ek kan aflei dat Rudi dink dat die eierbesigheid ’n goeie idee is omdat hy wil help. |

Rudi se ouma het baie hoenders. Ouma se hoenders lê baie eiers. “Eiers is vol proteïene!” sê Ouma altyd. Elke oggend eet Rudi en sy suster, Riandi, eiers vir ontbyt. Soms eet hulle selfs pap en eiers vir aandete. Maar daar was altyd eiers weggesteek op die werf.



Op ’n dag, terwyl Rudi en sy vriend Dirk rondhardloop, trap Rudi per ongeluk op ’n eier. “Sies!” roep Rudi uit toe hy sy voet optel en die slymerige gebreekte eier aan sy skoen sien hang. Toe Rudi vir Ouma sy slymmerige skoen wys, lag sy. “Daardie hoenders lê so baie eiers!” sê sy.



Daardie aand bly Dirk vir aandete.

Ouma gee vir hulle pap en eiers.


“Eiers is vol proteïene om julle sterk te maak!” sê sy toe sy die borde aangee.

Dirk wag vir ’n rukkie. Toe neem hy langtand ’n hap. “Hierdie eiers is heerlik!” sê hy. “Ek hou gewoonlik nie van eiers nie, maar hierdie eiers proe anders!”

“Hierdie eiers kom van ons eie hoenders!” verduidelik Rudi.



Na slaaptyd sit Ouma op haar eie. Sy dink aan al die ekstra eiers op die werf. Sy dink aan die eierslym aan Rudi se voet. Sy dink hoe baie proteïene daar in eiers is. Sy dink aan wat Dirk gesê het. Skielik het sy ’n plan.



Toe Rudi die volgende middag na skool by die huis kom, kry hy vir Ouma op die werf met ’n hamer, spykers, afvalhout, metaal en ’n ou blik verf.

“Wat maak Ouma?” vra hy.

“Ek bou ’n hoenderhok vir ons hoenders. Ons gaan nie meer ekstra eiers hê wat op die werf rondlê nie, want ons gaan ’n besigheid begin en hulle verkoop! As ons die hoenders die hele oggend in die hoenderhok hou, sal hulle hul eiers daar binne lê.”



"Ons het 'n advertensiebord nodig sodat mense kan weet dat ons eiers te koop het!" sê Rudi.

Rudi neem 'n stuk hout van die hoop af en maak die verfblik oop.

"Moenie vergeet om te skryf dat eiers vol proteïene is nie!" sê Ouma.

Toe maak hy sy advertensiebord: Heerlike vars eiers te koop! Vol gesonde proteïene!

Hy verf eiers op die advertensiebord sodat dit mense se oog sal vang.



Toe Riandi die volgende dag na skool by die huis kom, is die hoenderhok klaar. Ouma en Rudi sit die advertensiebord op.

“Ons begin ’n eierbesigheid!” sê Rudi vir sy suster.

“Hierdie advertensiebord is mooi, maar net mense wat verbyloop sal dit sien. Ek sal pamflette maak wat ons vir mense kan gee!” sê sy.


Sy neem ’n stapel papiere en haar kryte. Sy spandeer die res van die aand om pragtige pamflette te ontwerp.

“Moenie vergeet om te adverteer dat eiers vol proteïene is nie!” sê Ouma.



“Ek weet van nog ’n manier hoe ons die eiers kan adverteer,” sê Ouma. “Mnr. Tromp praat met almal. Ek sal vir hom eiers gee, en dan kan hy die nuus versprei!”

“Moenie vergeet om vir hom te sê dat eiers vol proteïene is nie!” sê Rudi terwyl Ouma by die deur uitloop.



’n Paar dae later is daar ’n klop aan die deur. Dit is Dirk se ma. “Ek hoor jy verkoop eiers,” sê sy. “Dirk sê ek moet eerder jou eiers koop as die winkel se eiers! Ek sal ’n dosyn neem, asseblief!” Sy hou haar geld uit.



Nadat sy weg is, vra Rudi vir Ouma wat hulle met die geld gaan doen.

“Wel, ek dink ons moet ons besigheid uitbrei,” sê Ouma. “Kom ons spaar en koop saad, sodat ons groente kan verkoop wat vol gesonde vitamiene is. Watter tipe groente sal jy graag wil plant?”





Lees 1

**Waarop het Rudi getrap?**
Hy het op ’n eier in hul werf getrap.

**Wat het Rudi op die advertensiebord geskryf?**
Hy het “Heerlike vars eiers te koop! Vol gesonde proteïene!” op sy advertensiebord geskryf.

**Hoekom het Rudi se ouma besluit om met ’n eierbesigheid te begin?**
- Omdat hulle te veel eiers gehad het om self te gebruik.
- Omdat hulle besef het hulle mors eiers.
- Omdat Dirk gesê het hoe heerlik hul eiers is.
- Omdat hulle geweet het baie mense in hul gemeenskap kan voordeel trek uit hul vars, gesonde eiers.



Lees 2

**Hoe kan ons aflei dat Rudi en Riandi van Ouma se plan hou?**
- Omdat hulle altwee vir haar wil help om die besigheid te begin.
- Omdat hulle altwee tyd spandeer om haar te help om haar nuwe besigheid te adverteer.

**Hoe het Rudi, Riandi en Ouma hul besigheid geadverteer?**
Hulle het ’n advertensiebord en pamflette gemaak en mense daarvan vertel.

**Hoekom het Dirk se ma eiers kom koop?**
- Omdat Dirk van die vars, gesonde eiers van Ouma se hoenders hou.
- Omdat Ouma ’n besigheid begin het om haar ekstra eiers te verkoop.
- Omdat al die advertensies gewerk het.



VERHAAL2

# KELVIN DOE: DJ FOCUS

Tema: Ons is entrepreneurs





### Agtergrondinligting

- Hierdie is 'n nie-fiksieverhaal.
- Dit speel in Sierra Leone af.
- Dit vind plaas in die onlangse verlede.
- Hierdie verhaal sal u leerders help om te verstaan verstaan hoe kreatiwiteit, deursettingsvermoë en probleemoplossing mense kan help om hul gemeenskappe te verbeter. Dit wys ook hoe innovasie, om uit foute te leer en harde werk mense kan help om hul doelwitte te bereik en 'n positiewe verskil in hul gemeenskappe te maak.



### Begripstrategie: Maak evaluasies

- Wat is dit? Om te besluit of jy van die verhaal of die besluite wat die karakters gemaak het hou.
- Hoekom gebruik ons dit? Om jou eie menings te vorm en die verhaal op 'n dieper vlak te verstaan.
- Hoe help dit ons? Dit help jou om oor die verhaal se boodskap en wat jy daaroor glo, te dink.



### 'n Paar punte om met u leerders te deel

- Elektrisiteit verskaf krag aan ligte, radio's, televisies en baie ander toestelle. Sonder elektrisiteit kan huise donker wees en kan mense nie elektriese toestelle gebruik nie.
- 'n Uitvinding is iets nuuts wat iemand skep om 'n probleem op te los. Om innoverend te wees, beteken om nuwe en beter maniere te vind om dinge te doen.
- Skrootmateriaal is ou of gebreekte items wat mense nie meer gebruik nie. Soms kan hierdie materiale herwin of hergebruik word om iets nuuts te maak.
- 'n Radiostasie saai nuus, musiek en inligting uit sodat baie mense kan luister en leer wat in hulle gemeenskap gebeur.




Om hierdie strategie te gebruik:

| Bladsy en paragraaf | Lees | Sê |
|---|---|---|
| 20, 1 | Toe het Kelvin ure aaneen spandeer om die stukke ou gebreekte elektroniese toerusting aanmekaar te sit en om hulle weer te laat werk. Hy het homself ingenieurswerk geleer deur self te leer, te probeer en om gefokus te wees. | Ek maak die evaluasie dat Kelvin ’n baie vasberade persoon is, omdat hy homself ingenieurswerk geleer het deur te probeer en foute te maak. Hy moes baie foute gemaak het en dinge op verskillende maniere probeer het – maar hy het nooit opgegee nie. |
| 23, 1 | By David se kamp het Kelvin sy eie radiosender en die ander toerusting, wat hy nodig gehad het om te kan uitsaai, by sy gemeenskapsradiostasie gebou. | Ek maak die evaluasie dat Kelvin ’n baie vasberade persoon is, omdat hy ’n idee gehad het om sy gemeenskap te help – en hy het baie hard gewerk om alles te bou wat hy nodig gehad het om sy plan uit te voer. |

Hierdie storie is gebaseer op die ware verhaal van Kelvin Doe. Kelvin is ’n innoverende mens wat sy kreatiwiteit en deursettingsvermoë gebruik het om sy gemeenskap te help.



Kelvin is gebore in Freetown, Sierra Leone. Waar Kelvin grootgeword het, was daar baie kragdrade, maar hulle het nie altyd elektrisiteit na mense se huise gebring nie. Die ligte het miskien een keer per week aangegaan. Die res van die tyd was dit donker in die mense se huise.



Toe Kelvin net 10 jaar oud was, het hy besluit hy wil help om die elektrisiteitsprobleem vir sy bure op te los. Kelvin het begin om stukke metaal, weggegooide apparate en elektroniese toerusting bymekaar te maak. Hy het regoor Freetown van vullisdrom tot vullisdrom gegaan en daardeur gekrap om die regte goed te kry om homself te leer.



Toe het Kelvin ure aaneen spandeer om die stukke ou gebreekte elektroniese toerusting aanmekaar te sit en om hulle weer te laat werk. Hy het homself ingenieurswerk geleer deur self te leer, te probeer en om gefokus te wees.



Toe Kelvin 13 jaar oud was, het hy ’n battery ontwerp deur herwinbare materiale te gebruik, soos soda, suur, metaal en kleefband. Die battery was sterk genoeg om lig aan die huise in sy gemeenskap te verskaf en om hom te help om aan sy nuwe uitvindings te werk.




Toe hoor Kelvin van ’n kamp wat aangebied word oor uitvindsels. Die kamp is gereël deur ’n jong man van Sierra Leone, David Sengeh. David het jongmense uitgedaag om te dink oor die moeilikste struikelblokke in hul gemeenskappe en om dit op die kamp te kom oplos.

Kelvin het besluit die jeug in sy gemeenskap het ’n manier nodig om gehoor te word. Kelvin het ’n span bymekaargemaak en hulle het aansoek gedoen om na die kamp te gaan. Hulle het besluit om ’n radiostasie te begin, wat hulle met alles wat hulle bymekaar kon maak, self sou ontwikkel en bou.


“As ons ’n radiostasie het, kan ons praat oor die probleme wat ons gemeenskap en Sierra Leone raak,” het Kelvin verduidelik.



By David se kamp het Kelvin sy eie radiosender en die ander toerusting, wat hy nodig gehad het om te kan uitsaai, by sy gemeenskapsradiostasie gebou.




Toe hy alles gebou het wat hulle nodig gehad het, het Kelvin voltydse werknemers aangestel. Sy radiostasie het begin om nuus uit te saai, om mense se idees en opinies te hoor en musiek te speel. Op die radio was Kelvin bekend as DJ Focus. Kelvin se platejoggienaam het ontstaan omdat hy geglo het dat enige uitvinding moontlik is as ’n mens net fokus.




Kelvin se briljante radiostasie was net mooi die uitvinding wat David in gedagte gehad het. David se hoofdoel was om duisende jongmense, wat gedroom het om die probleme in hul woonbuurte op te los, te help ontwikkel. David het geglo Kelvin het die vaardighede en passie om die toekoms vir die mense van Sierra Leone te verander. Kelvin se innoverende radiostasie het daartoe gelei dat hy die topprys by David se somerkamp gewen het.



David het aan Kelvin as 'n jonger broer begin dink. Hy wou help om Kelvin se gedagtes en vaardighede te verbreed deur saam met ander ingenieurs te werk. David het gehelp om vir Kelvin na 'n spesiale ingenieursprogram by die Amerikaanse Universiteit, MIT, te stuur.



Kelvin was net 16 jaar oud en die jongste mens wat nog ooit na die program uitgenooi is. Dit was Kelvin se eerste keer uit Sierra Leone. Kelvin was gek oor die geleentheid om saam met ervare ingenieurs te werk en by hulle te leer. Tog het Kelvin baie huis toe verlang – veral na sy ma.



In ’n onderhoud het Kelvin gesê dat “deursettingsvermoë en passie baie belangrik is om kreatiwiteit te kweek”.

Tot vandag toe hou Kelvin vol om sy radiostasie met deursettingsvermoë en passie te bedryf, nuwe goed uit te vind en te help om die lewens van sy familie, gemeenskap en land beter te maak.





Lees 1

**Waar het Kelvin grootgeword?**
Hy het grootgeword in Freetown, Sierra Leone.

**Wat is Kelvin se platejoggienaam/bynaam op sy radiostasie?**
Sy platejoggienaam/bynaam is DJ Focus.

**Waarom wou Kelvin 'n radiostasie begin?**
- Omdat hy besluit het dat die jeug in sy gemeenskap 'n stem nodig het.
- Om die mense in sy gemeenskap 'n plek te gee om te praat/debatteer oor die kwessies wat hulle gemeenskap/land raak.
- Omdat hy gedink het dit sou help om sy gemeenskap 'n beter plek te maak.



Lees 2

**Hoekom het Kelvin besluit om 'n radiostasie te bou?**
Omdat hy gedink het sy gemeenskap het 'n plek nodig om hul idees te deel en te bespreek.

**Waarom is Kelvin se DJ se naam 'DJ Focus'?**
- Kelvin se DJ-naam kom van sy oortuiging dat enige uitvinding met fokus moontlik is.

**Watter bewyse in die verhaal wys vir ons dat Kelvin 'n vasberade persoon is?**
- Hy het homself ingenieurswerk geleer.
- Hy het uitgevind hoe om 'n battery uit herwonne materiaal te maak.
- Hy het 'n battery gemaak om sy huis te verlig.
- Hy het van 'n innovasiekamp gehoor en 'n span bymekaargemaak om aansoek te doen.
- Hy het 'n idee gehad om 'n probleem in sy gemeenskap op te los, en hy het hard gewerk om dit te laat gebeur.



VERHAAL3

# ZANDER STAAN SY MAN

Tema: Ons maak ’n verskil





## Agtergrondinligting

- Hierdie teks is ’n fiksie-verhaal.
- Dit speel af in Suid-Afrika.
- Dit vind in die hede plaas.
- Hierdie verhaal sal u leerders help om te verstaan wat afknouery is en hoe dit mense laat voel. Dit wys ook hoe hulle vriendelikheid en moed kan toon deur vir ander op te staan en hulp by betroubare volwassenes te vra.



## Begripstrategie: Vra vrae / wonder

- Wat is dit? Om te dink aan, en vrae oor die verhaal te vra terwyl jy lees.
- Hoekom gebruik ons dit? Om geïnteresseerd te bly en meer uit te vind terwyl jy lees.
- Hoe help dit ons? Dit hou jou betrokke en help jou om die verhaal beter te verstaan. Dit help jou om te voorspel wat in die verhaal gaan gebeur.



## ’n Paar punte om met u leerders te deel

- Boeliegedrag gebeur wanneer iemand herhaaldelik kwetsende dinge teenoor ’n ander persoon sê of doen om hulle hartseer, bang of uitgesluit te laat voel.
- Mense het verskillende omstandighede. Sommige gesinne het meer geld as ander. Kinders mag dalk ou en verslete klere en skoene dra omdat hulle ouers nie nuwes kan bekostig nie.
- Soms kan dit vir mense moeilik wees om die regte ding te doen, veral as hulle dink dat ander vir hulle kwaad sal wees.
- ’n Onderwyser se taak is om te help om leerders by die skool veilig te hou. Leerders moet met onderwysers praat wanneer hulle geboelie word of wanneer hulle sien dat iemand anders geboelie word.



Om hierdie strategie te gebruik:

| Bladsy en paragraaf | Lees | Sê |
|---|---|---|
| 33, 4 | “Jy lyk nie gelukkig nie,” sê Zander se ma toe sy die pap van die stoof af haal. | Ek wonder hoekom Zander hartseer lyk. Ek dink hy voel hartseer omdat Lindie geboelie word. |
| 35, 3 | “Dit klink na ’n goeie idee,” sê sy ma. “Ek dink dit is wat jy sal wil hê iemand vir jou moet doen.” | Ek wonder of Zander gaan besluit om vir Lindi by die skool te help. Ek dink hy wil graag iets doen om sy maat te help, maar dit mag dalk angswekkend voel. |

“Hoe was skool vandag?” vra Zander se ma terwyl sy die pap roer.

“Dit was … goed,” sê Zander. Hy gaan sit by die tafel.

Zander dink aan pouse. Hy dink aan Lindie. Hy dink hoe die ander kinders vir Lindie geterg het.

“Jy lyk nie gelukkig nie,” sê Zander se ma toe sy die pap van die stoof af haal.



“Wel, die ander kinders was naar met Lindie,” antwoord Zander.

“Hoekom was hulle naar met haar?” vra sy ma.

“Hullle sê sy moes haar skoene tussen die vullis gekry het,” sê Zander. “Hulle sê sy lyk soos ’n vuil vullismeisie, net omdat haar tone uitsteek. Onthou Mamma verlede jaar? My skoene was stukkend, net soos Lindie s’n.”



“Ek wonder wat jy kan doen om te help?” vra sy ma.

Zander dink hieroor. “Miskien kan ek volgende keer vir die ander kinders sê om op te hou om so lelik te wees,” stel hy voor.

“Dit klink na ’n goeie idee,” sê sy ma. “Ek dink dit is wat jy sal wil hê iemand vir jou moet doen.”



Die volgende dag lui die klok vir pouse. Zander voel senuweeagtig. Zander voel angstig. Hy wonder wat sal gebeur as hy vir die ander kinders sê hulle moet ophou om naar te wees met Lindie.


Miskien sal hulle sê my trui kom van die vullishoop af, dink hy en kyk na die groot gat in sy mou. Of miskien sal Sarel of Leslie kwaad word en my slaan, dink hy.



Toe hy buite kom, sit Lindie alleen. Sy sit op die grond en probeer haar skoene toemaak.

Sarel en Leslie loop na Lindie. Van die ander kinders kom ook daar staan. “Kom ons kyk hoe lyk jou vuil vullisskoene vandag,” spot Leslie.

“Woon jy tussen die vullis?” lag Sarel. Van die ander kinders wys ook met hulle vingers en lag.



Zander gaan staan voor Lindie. “Stop dit!” sê hy. “Hou op om naar te wees.” Sy hart klop vinnig. Sy gesig voel warm.

Leslie en Sarel lyk verbaas. Hulle loop weg. Die ander kinders volg hulle.




“Zander, kom hier!” roep mnr. Malan. Hy staan buite sy klaskamer.

Agge nee, dink Zander, nou gaan mnr. Malan dink ek was naar. Ek het probeer help en nou is ek in die moeilikheid.



“Ek het gesien hoe jy opgestaan het vir Lindie,” sê mnr. Malan.

“Ek is baie trots op jou.” Mnr. Malan gee vir Zander ’n plakker met ’n glimlag op. “Volgende keer kan jy vir my kom sê,” sê mnr. Malan. “Ek is ook hier om te help.”





Lees 1

**Wie word by die skool geboelie?**
Lindie word geboelie.

**Wie het haar geboelie?**
Leslie en Sarel. Daar was ander kinders ook.

**Wie het vir Zander 'n plakker gegee?**
Mnr. Malan

**Hoekom het mnr. Malan vir Zander 'n plakker gegee?**
- Omdat Zander vir die ander kinders gesê het om op te hou om naar te wees met Lindie.
- Omdat Zander die regte ding gedoen het.
- Omdat mnr. Malan trots was op Zander.



Lees 2

**Hoekom het die ander kinders vir Lindie gespot?**
Omdat sy gate in haar skoene gehad het.

**Het jy al ooit opgestaan vir 'n vriend soos Zander? Het iemand al ooit vir jou opgestaan?**
Luister na elke individuele leerder se verduideliking.

**Dink jy Zander het die regte ding gedoen?**
Luister na elke individuele leerder se verduideliking.

**Hoekom het Zander sy man gestaan?**
- Omdat hy nie wou hê die ander kinders moet naar wees met Lindie nie.
- Omdat Zander geweet het die ander kinders kan hom ook terg.
- Omdat Zander sal wil hê iemand moet vir hom opstaan as hy geterg word.



# VERHAAL4
# GRETA THUNBERG, ’N KLIMAATSVERANDERING-HELDIN!

Tema: Ons maak ’n verskil





## Agtergrondinligting

- Hierdie teks is ’n nie-fiksieverhaal.
- Dit speel in Swede af.
- Dit vind plaas in die onlangse verlede.
- Hierdie verhaal sal u leerders help om te verstaan dat ons ’n verskil kan maak deur oor belangrike kwessies te praat. Dit wys ook hoe ons aksie kan neem en ander kan inspireer om positiewe verandering in die wêreld te skep.



## Begripstrategie: Soek en onthou besonderhede

- Wat is dit? Om belangrike besonderhede soos karakters, plek en gebeure te soek en onthou.
- Hoekom gebruik ons dit? Om by te hou met wat gebeur het en die verhaal beter te verstaan.
- Hoe help dit ons? Dit help jou om oor die verhaal te praat en die volgorde van gebeure te verstaan.



## ’n Paar punte om met u leerders te deel

- Outisme is ’n toestand waar die brein inligting anders verwerk. Dit kan dit moeiliker maak om te praat, om maatjies te maak (te sosialiseer) en om verandering te hanteer.
- Daar is baie variasies van outisme. Iemand soos Greta Thunberg het vlak 1-outisme, wat beteken dat sy onafhanklik kan funksioneer en oor sterk vermoëns beskik. Sy kan dit egter steeds moeilik vind om met die wêreld te kommunikeer en om interaksie te hê.
- Wees geduldig en duidelik as jy met ’n outistiese persoon kommunikeer of praat. Doen dit deur presies te sê wat jy bedoel en deur aan hulle tyd te gee om te reageer op vrae of gesprekke.
- ’n Outistiese persoon mag dinge meer intens sien, hoor of voel. Probeer om hiervan bewus te wees. As jy sien iemand word heeltemal stil of het ’n ineenstorting, probeer die persoon tyd alleen in ’n stil spasie gee.



Om hierdie strategie te gebruik:

| Bladsy en paragraaf | Lees | Sê |
|---|---|---|
| 49, 1 | Die ander kinders het vinnig van die video vergeet wat in die klas gewys is, maar nie Greta nie. Sy het al die inligting wat sy oor klimaatsverandering kon vind, gelees. Sy het op die internet na artikels en studies gesoek. Sy het na video's op YouTube gekyk. So het sy 'n kenner van klimaatsverandering geword. | Hoe het Greta 'n kenner van klimaatsverandering geword?<br><br>O ja, ek het geleer dat sy baie gelees het en ook na video's gekyk het om alles wat sy kon te leer. |
| 53, 1 | Greta het ingestem om 'n toespraak voor duisende mense by 'n groot klimaatsverandering-saamtrek te lewer. Haar ouers was bekommerd dat die outisme dit vir haar sou moeilik maak om voor so baie mense te praat, maar Greta se vasberadenheid het haar gehelp om haar vrese te oorkom. Duisende mense het haar aangemoedig en hulle het haar toespraak op video opgeneem. | Wat het Greta gehelp om haar vrese te oorkom? O, ja, ek het geleer dat haar vasberadenheid haar gehelp het om haar vrese te oorkom. |

Greta Thunberg is ’n meisie wat grootgeword het in ’n land met die naam Swede. Greta se grootwordjare was nie maklik nie. Sy is outisties. Dit beteken haar brein werk anders as ander mense s’n. Dit maak dit vir haar moeilik om te praat en verhoudings met ander mense te bou.



Greta se outisme het haar egter toegelaat om te fokus en met insig na probleme te kyk. Greta het besluit om haar outisme te gebruik om te veg vir ’n saak waarin sy glo. Greta het al haar energie gebruik om te probeer om die omgewing te red, deur vir bewusmaking van klimaatsverandering te veg.



Greta het die eerste keer van klimaatsverandering geleer toe haar onderwyser vir hulle 'n video van plastiek in die oseane en sterwende ysbere gewys het. Terwyl klein Greta daarna gekyk het, het sy gehuil. Daarna het sy die heeltyd aan die prente van besoedelde oseane gedink. Sy kon aan niks anders dink nie. Sy het besluit om iets te doen om te help om die aarde te red.



Greta se onderwyser het verduidelik dat die lugbesoedeling van die meeste motors, vliegtuie, kragstasies en fabrieke veroorsaak dat die wêreld warmer word. Haar onderwyser het gesê dat gas wat deur koeie gemaak word, ook die wêreld laat warmer word. Dit word klimaatsverandering genoem en dit verwoes die aarde.



Die ander kinders het vinnig van die video vergeet wat in die klas gewys is, maar nie Greta nie. Sy het al die inligting wat sy oor klimaatsverandering kon vind, gelees. Sy het op die internet na artikels en studies gesoek. Sy het na video's op YouTube gekyk. So het sy 'n kenner van klimaatsverandering geword.



Greta het begin om veranderinge by haar eie huis aan te bring. Sy het haar ouers oortuig om die manier waarop hulle leef te verander. Sy het haar ma oortuig om op te hou om vliegtuie te gebruik. Sy het haar pa oortuig om op te hou om vleis te eet. Sy het die hele gesin oortuig om op te hou om plastiek te gebruik. Dit het Greta laat besef dat sy 'n groot verskil in die wêreld kan maak deur meer mense van opinie te laat verander.



Greta het besluit om buite die Sweedse parlement te gaan betoog. Sy het woorde op ’n stuk hout geverf. Sy het feite op pamflette neergeskryf om uit te deel. Toe het sy met haar fiets na die parlementsgebou gery. Op die eerste dag het Greta alleen daar gesit. Mense wat verbygeloop het, het na haar gestaar.



Op die tweede dag het mense by haar begin aansluit. Daarna was daar die hele tyd mense. Vir maande en maande het Greta die betoging teen klimaatsverandering in haar eie land gelei.



Greta het baie positiewe reaksie in Swede gekry, maar sy het besluit om meer te doen. Greta het ingestem om ’n toespraak voor duisende mense by ’n groot klimaatsveranderingsaamtrek te lewer. Haar ouers was bekommerd dat die outisme dit vir haar sou moeilik maak om voor so baie mense te praat, maar Greta se vasberadenheid het haar gehelp om haar vrese te oorkom. Duisende mense het haar aangemoedig en hulle het haar toespraak op video opgeneem.



Toe het Greta besluit om sosiale media en die internet te gebruik om haar boodskap na kinders regoor die wêreld te stuur.

Sy het foto's van haar betogings op Instagram geplaas.

Sy het video's van haar toesprake op Facebook geplaas.

Sy het boodskappe op Twitter geskryf.

Greta het die internet gebruik om duisende kinders regoor die wêreld, wat omgee vir klimaatsverandering, met mekaar te verbind.



Greta het eenkeer gesê: “Ek was altyd die meisie agter in die klas wat niks gesê het nie. Ek het gedink ek kan nie ’n verskil maak nie, want ek is te klein.”

Binne ’n jaar het Greta duisende kinders van regoor die wêreld geïnspireer om te betoog en teen klimaatsverandering op te staan.





Lees 1

**Wat is die onderwerp waarvoor Greta omgee?**
- Sy gee om vir klimaatsverandering.
- Sy gee om vir die aarde / ons planeet.

**Noem een ding waarvoor Greta die internet gebruik.**
- Om 'n kenner van klimaatsverandering te word.
- Om foto's op Instagram te plaas.
- Om video's op Facebook te plaas.
- Om op Twitter te skryf.
- Om kinders regoor die wêreld te verbind.

**Hoe het Greta haar boodskap van klimaatsverandering uitgestuur?**
- Sy het haar ouers oortuig om hul gewoontes te verander.
- Sy het buite die parlement betoog.
- Sy het 'n plakkaat oor klimaatsverandering gemaak.
- Sy het pamflette vir mense gegee.
- Sy het 'n toespraak by 'n groot saamtrek gemaak.
- Sy het foto's geplaas.
- Sy het video's geplaas.



Lees 2

**Wat is een oorsaak van klimaatsverandering?**
- Lugbesoedeling van die meeste motors, vliegtuie, kragstasies en fabrieke.
- Gas wat deur koeie gemaak word en die wêreld verwarm.
- Besoedeling.

**Wat, dink jy, maak Greta so 'n indrukwekkende persoon?**
Ek dink Greta is so 'n indrukwekkend persoon, want …

**Hoekom het Greta besluit om sosiale media te gebruik?**
- Sy wou meer en meer mense oortuig om teen klimaatsverandering te veg.
- Sy kon sosiale media gebruik om kinders regoor die wêreld te bereik.
- Omdat sy besef het mense regoor die wêreld moet saamwerk om die planeet te red.
- Omdat sy wou hê kinders moet besef hulle kan ook betoog en hul opinies lug.

VERHAAL5

# TREVOR NOAH, DIE VERKLEURMANNETJIE



## Tema: Ons identiteit



### Agtergrondinligting

- Hierdie teks is 'n nie-fiksieverhaal.
- Dit speel af in Suid-Afrika.
- Dit vind plaas in die onlangse verlede.
- Hierdie verhaal sal u leerders help om te verstaan wat apartheid was, en hoe onregverdige wette mense se lewens beïnvloed het. Dit wys hoe Trevor Noah taal, humor en vasberadenheid gebruik het om uitdagings te oorkom en 'n gevoel van behoort te vind.



### Begripstrategie: Maak afleidings

- Wat is dit? Om dinge te raai wat die skrywer nie direk verduidelik nie, deur leidrade in die verhaal te gebruik.
- Hoekom gebruik ons dit? Om dieper betekenisse en verborge boodskappe te verstaan.
- Hoe help dit ons? Dit help jou om gevolgtrekkings te maak terwyl jy lees, en om die storie en karakters beter te verstaan.



### 'n Paar punte om met u leerders te deel

- Apartheid was 'n stelsel van wette in Suid-Afrika wat mense op grond van ras geskei het. Tydens apartheid is mense van verskillende rasgroepe nie gelyk behandel nie en het hulle nie dieselfde regte en geleenthede gehad nie.
- Suid-Afrika is die tuiste van baie verskillende kulturele groepe en tale. Mense kan dikwels kommunikeer en vriendskappe bou deur mekaar se tale te leer.
- Om te behoort beteken om aanvaar, ingesluit en gewaardeer te voel deur 'n groep mense. Soms voel mense anders as die res van die mense rondom hulle en moet hulle maniere vind om met ander in te skakel.
- 'n Komediant is 'n persoon wat ander mense laat lag deur grappies, stories en optredes. Trevor Noah het beroemd geword deur humor te gebruik om stories van sy lewe en die wêreld rondom hom, te vertel.



Om hierdie strategie te gebruik:

| Bladsy en paragraaf | Lees | Sê |
|---|---|---|
| 61, 1 | Trevor se ma was ’n swart, Xhosa-vrou. Sy ma het die onregverdige wette van apartheid verbreek. Sy het na ’n area in Johannesburg getrek waar net wit mense veronderstel was om te woon. Dit is waar sy Trevor se pa ontmoet het. Hy was ’n wit man en het van ’n land met die naam Switserland gekom. Hulle het Trevor gehad, ’n kind van gemengde ras. | Ek kan aflei dat Trevor se gesin almal anders as mekaar of verskillend gelyk het. |
| 67, 1 | Toe het Trevor ’n besigheid begin. Hy het geld by kinders gekry en dan vir hulle kos by die snoepie gaan koop. As gevolg van sy besigheid, het Trevor met al die verskillende groepe kinders by sy skool gepraat. Trevor het geleer hoe om in te pas deur grappe te maak en mense te laat lag. Om snaaks te wees, het Trevor gehelp om ’n verkleurmannetjie te wees wat oral inpas! | Ek kan aflei dat Trevor verskillende strategieë gevind het om in te pas. Hy het byvoorbeeld probeer om baie tale aan te leer. Hy het ’n besigheid begin wat hom die geleentheid gegee het om met almal te praat en almal te laat lag. |

Het jy al ooit van Trevor Noah gehoor? Hy is 'n bekende Suid-Afrikaanse komediant en skrywer. Trevor het die boek, *Born a crime*, geskryf. Dit gaan oor sy grootwordjare tydens apartheid.



Gedurende apartheid was mense van verskillende rasse veronderstel om geskei te word. Dit was onwettig vir mense van verskillende rasse om saam ’n kind te hê of te trou. Natuurlik het mense van verskillende rasse steeds verlief geraak en kinders gehad.




Trevor se ma was ’n swart, Xhosa-vrou. Sy ma het die onregverdige wette van apartheid verbreek. Sy het na ’n area in Johannesburg getrek waar net wit mense veronderstel was om te woon. Dit is waar sy Trevor se pa ontmoet het. Hy was ’n wit man en het van ’n land met die naam Switserland gekom. Hulle het Trevor gehad, ’n kind van gemengde ras. Gedurende daardie vreeslike tyd het Trevor nie maklik ingepas nie. Hy is nie toegelaat in plekke vir wit mense nie. Hy is ook nie toegelaat in plekke vir swart mense nie. Hy was die enigste mens in sy familie wat van gemengde ras was.



Toe Trevor ’n jong kind was, het sy ouers hom soms na die parkie geneem, maar Trevor se ouers het geweet hulle sal in die moeilikheid beland as die polisie uitvind dat hulle ’n gesin is. So, as hulle parkie toe gegaan het, moes hulle maak asof hulle mekaar nie ken nie.



Eenkeer, toe Trevor baie klein was, het hy “Pappa!” geroep en na sy pa gehardloop. Trevor se pa was bang dat iets verskrikliks kan gebeur. Hy moes van sy eie kind af weghardloop, maar klein Trevor het gedink dit is ’n speletjie en hy het deur die parkie agter hom aangehardloop en “Pappa” geskree.



Trevor het baie tyd by sy ouma in Soweto spandeer. Op daardie stadium was slegs swart mense veronderstel om in Soweto te bly. Trevor se familie was bekommerd dat die polisie hom van sy familie sou probeer wegneem as hulle hom daar sien. Daarom is Trevor nie toegelaat om op straat saam met die ander kinders te speel nie.

Eenkeer was Trevor so desperaat om saam met hulle te speel dat hy ’n gat onderdeur die muur in die erf gegrawe het!



Tevor het geleer dat taal ’n belangrike manier was om brûe te bou met mense wat anders as hy lyk. Trevor het gesê dat hy ’n “verkleurmannetjie” word wanneer hy tale leer. Met ander woorde, Trevor het gevind dat mense vergeet dat hy anders as hulle lyk as hy hulle taal praat. Taal het hom gehelp om te voel dat hy in baie plekke inpas waar hy anders gelyk het.



Toe Trevor tien jaar oud was, het apartheid geëindig. Trevor het na ’n groot skool toe gegaan met meer as ’n duisend kinders. Daar was Indiese, Chinese, bruin, swart en wit kinders by Trevor se skool. Van al die kinders in sy skool was hy die enigste kind van gemengde ras. Dit was vir hom moeilik om te besluit by wie hy pouses moes gaan staan.



Toe het Trevor ’n besigheid begin. Hy het geld by kinders gekry en dan vir hulle kos by die snoepie gaan koop. As gevolg van sy besigheid, het Trevor met al die verskillende groepe kinders by sy skool gepraat. Trevor het geleer hoe om in te pas deur grappe te maak en mense te laat lag. Om snaaks te wees, het Trevor gehelp om ’n verkleurmannetjie te wees wat oral inpas!



Regdeur sy lewe het Trevor soos ’n buitestander op baie verskillende maniere gevoel. Daarom het Trevor ander maniere gekry om in te pas. Hy het mense dopgehou. Hy het hulle tale geleer. Hy het geleer hoe om verskillende mense te laat lag. Om anders te wees, het Trevor Noah gehelp om die briljante komediant te wees wat hy vandag is.





## Lees 1

**Wanneer is Trevor gebore?**
Trevor is gedurende apartheid gebore.

**Waar het Trevor se ouma gewoon?**
Sy het in Soweto gewoon.

**Wat het Trevor gedoen om in te pas?**
- Hy het baie tale geleer.
- Hy het 'n besigheid by die skool begin.
- Hy het geleer om mense te laat lag.

**Hoekom was dit vir Trevor moeilik om in te pas?**
- Omdat hy anders as enige iemand anders in sy familie gelyk het.
- Omdat hy nie toegelaat is om met ander kinders te speel nie, want die polisie kon hom wegvat.
- Omdat hy in die hoërskool die enigste kind van gemengde ras was. Hy het nie maklik ingepas by ander groepe kinders by die skool nie.



## Lees 2

**Waar het Trevor grootgeword?**
Hy het in Johannesburg grootgeword.

**Wat is een ding wat jy kan aflei van Trevor se moeilike lewe?**
Ek kan aflei dat dit moeilik was vir Trevor om ...

**Watter soort besigheid het Trevor gehad?**
Hy het geld geneem by die ander leerders en dan vir hulle kos by die snoepie gaan koop.

**Watter strategieë het Trevor Noah gebruik om te behoort?**
- Hy het 'n besigheid begin.
- Hy het mense waargeneem en dopgehou.
- Hy het baie verskillende tale geleer, sodat hy maklik met mense kon kommunikeer.
- Hy het geleer hoe om allerhande soorte mense te laat lag.



VERHAAL6

# ALMAL SE SUID-AFRIKA

Tema: Ons identiteit





## Agtergrondinligting

- Hierdie teks id ’n fiksie-verhaal.
- Dit speel af in Suid-Afrika.
- Dit vind plaas in die hede.
- Hierdie verhaal sal u leerders help om te verstaan dat ons nuwe dinge van ander mense kan leer en dat om ’n nuwe vaardigheid te leer, oefening en geduld verg.



## Begripstrategie: Maak afleidings

- Wat is dit? Om dinge te raai wat die skrywer nie direk verduidelik nie, deur leidrade in die verhaal te gebruik.
- Hoekom gebruik ons dit? Om dieper betekenisse en verborge boodskappe te verstaan.
- Hoe help dit ons? Dit help jou om gevolgtrekkings te maak terwyl jy lees, en om die storie en karakters beter te verstaan.



## ’n Paar punte om met u leerders te deel

- Erfenisdag is ’n Suid-Afrikaanse openbare vakansiedag. Erfenis is die kultuur en tradisies wat ons van ons familie en voorgeslagte erf.
- Mense wat in Suid-Afrika woon, het voorouers en familielede wat van baie verskillende plekke afkomstig is.
- ’n Mens kan aan meer as een kultuur of land behoort. Iemand kan Suid-Afrikaans wees en ’n erfenis van ’n ander land hê.
- Mense mag anders lyk, ’n ander taal praat of ander klere as ons dra. Dit is belangrik om almal te respekteer en om almal in te sluit, selfs al verskil hulle van ons.



Om hierdie strategie te gebruik:

| Bladsy en paragraaf | Lees | Sê |
|---|---|---|
| 75, 1 | Ek wonder of ek toegelaat gaan word om my Burundese tradisies op Erfenisdag te vier, dink hy. | Ek kan aflei dat Oliver lief is vir sy kultuur en daarop trots is, maar hy is bekommerd dat dit nie in ’n Suid-Afrikaanse klaskamer gaan inpas nie. |
| 78, 1 | Daardie nag droom Oliver van sy klaskamer op Erfenisdag. Al die kinders is in hul tradisionele klere aangetrek, maar hy lyk anders as al die ander. Hy staan in die middel van die klas terwyl almal na hom vingerwys en vir hom lag. | O ja! Ek kan aflei dat Oliver baie bekommerd is oor wat die ander gaan dink as hy sy tradisionele Burundese klere aantrek. Ek dink hy is bekommerd dat ander gaan sê dat hy nie werklik ’n Suid-Afrikaner is nie. |

Mense wat in Suid-Afrika woon, het voorouers en familielede wat van baie verskillende plekke kom. So kom baie mense in Suid-Afrika van Burundi. Baie mense het uit Burundi gevlug, want daar was ’n oorlog wat 13 jaar lank geduur het.

Burundi is ’n klein landjie in Oos-Afrika. Die hoofstad is Bujumbura. Die taal wat die meeste daar gepraat word, is Kirundi.




Die Karyenda-drom is ’n tradisionele drom van Burundi. Hierdie dromme word gespeel by belangrike feeste, soos die Umuganuro-fees (Sorghumfees) en ander spesiale geleenthede.

“Dit is amper Erfenisdag. Môre sal ons al die Suid-Afrikaanse kulture en tradisies vier!” kondig mnr. Viviers aan. “Wat is ’n spesiale tradisie in jou kultuur?” Lucinda steek haar hand op.

“Ek hou daarvan dat ek en my ma ons shweshwe-klere kan dra wanneer daar ’n spesiale geleentheid is!” sê sy.

“O! Ek is gek oor die Indlamu-dans in my kultuur,” roep Fransie uit.



Oliver sit stil op sy sitplek. Hy dink aan die Karyenda-dromme wat die mans met feeste in Bujumbura speel. Ek wonder of ek toegelaat gaan word om my Burundese tradisies op Erfenisdag te vier, dink hy.



Die klok lui aan die einde van die dag. “Onthou om môre iets van jul kultuur te dra om al ons Suid-Afrikaanse tradisies te vier!” kondig mnr. Viviers aan.

Sal ek toegelaat word om my lendekleed te dra, wonder Oliver.



Oliver bekommer hom tot hy moet bed toe gaan oor sy uitrusting vir Erfenisdag.



Daardie nag droom Oliver van sy klaskamer op Erfenisdag. Al die kinders is in hul tradisionele klere aangetrek, maar hy lyk anders as al die ander. Hy staan in die middel van die klas terwyl almal na hom vingerwys en vir hom lag.

"Wat is dit?" giggel Lucinda.

"Dit is nie Suid-Afrikaans nie!" roep Fransie uit.

"Oliver hoort nie hier nie!" kondig mnr. Viviers aan.



Oliver se nagmerrie word onderbreek deur sy pa wat hom saggies skud.

"Oliver, dit is tyd vir skool!" sê sy pa.

"Ek wil nie vandag skool toe gaan nie," antwoord Oliver.

"Hoekom, wat is verkeerd?" vra sy pa.

"Vandag is Erfenisdag by die skool. Mnr. Viviers het ons gevra om iets te dra om ons Suid-Afrikaanse kulture te vier, maar ek het nie 'n Suid-Afrikaanse kultuur nie," sê hy.

"Wel, jy het dalk nie 'n Suid-Afrikaanse kultuur nie, maar jy het spesiale kulturele herkoms.

Erfenisdag gaan daaroor om alle Suid-Afrikaners te vier – dit sluit ook Suid-Afrikaners met 'n ander herkoms in!" sê Oliver se pa sag. "Wag hier!"



Oliver se pa kom terug met ’n ou lendekleed en hy help hom om dit aan te trek. “Nou lyk dit of jy reg is om jou eie Karyenda-drom te speel!” sê Oliver se pa.



Oliver bewonder sy tradisionele Burundese uitrusting in die spieël, maar sy glimlag verdwyn vinnig. “Wat as iemand sê ek hoort nie hier nie?” sê hy bekommerd.

“Dan sê jy vir hulle Suid-Afrika behoort aan ons almal. Jy is ’n trotse Suid-Afrikaner met ’n Burundese herkoms!” roep sy pa uit.



Oliver kyk rond toe hy die klaskamer inloop. Hy maak homself gereed vir kinders wat na hom gaan wys en vir hom gaan lag. Hy herhaal in sy kop wat sy pa vir hom gesê het: Suid-Afrika behoort aan ons almal. Ek is ’n trotse Suid-Afrikaner met ’n Burundese herkoms!




Niemand sê dat Oliver nie daar hoort nie.

"Sjoe! Ek is mal oor jou uitrusting," sê Lucinda.

"Ek wil van jou herkoms leer!" sê Fransie.

"Al ons erfenisse is hoort hier!" kondig mnr. Viviers aan.





Lees 1

**Waar kom Oliver se familie vandaan?**
Hulle is van Burundi.

**Waar woon Oliver se familie nou?**
Hulle woon nou in Suid-Afrika.

**Hoekom wou Oliver nie skool toe gaan nie?**
- Omdat hy gedink het Erfenisdag vier net sekere kulture.
- Omdat hy nie geweet het hy kan iets van sy Burundese kultuur dra nie.
- Omdat hy gevoel het hy gaan nie inpas nie.
- Omdat hy bang was dat die ander kinders hom gaan spot en vir hom gaan sê hy hoort nie hier nie.



Lees 2

**Wat is Oliver se herkoms?**
Sy herkoms is Burundees.

**Wat het in Oliver se droom gebeur?**
Almal het hom gespot. Almal het na hom gewys en gelag. Sy onderwyser het vir hom gesê hy hoort nie hier nie.

**Hoekom het Oliver sy lendekleed skool toe aangetrek?**
- Omdat sy herkoms Burundees is, het hy ’n lendekleed op Erfenisdag gedra.
- Omdat sy onderwyser die leerders gevra het om op Erfenisdag iets van hul eie kultuur te dra.
- Omdat ’n lendekleed klere van sy kultuur is.
- Omdat sy pa gehelp het om hom te laat verstaan dat Erfenisdag daaroor gaan om al die verskillende herkomste in Suid-Afrika te vier.
- Omdat hy besef het dat hy trots kan wees op sy identiteit en kulturele herkoms, selfs al kom dit nie van Suid-Afrika nie.

VERHAAL7

# ZANDRI LEER OM TE MEDITEER

Tema: Ons leer nuwe dinge





## Agtergrondinligting

- Hierdie teks is 'n fiksie-verhaal.
- Dit speel af in Suid-Afrika.
- Dit vind plaas in die hede.
- Hierdie verhaal sal u leerders help om te verstaan dat ons nuwe dinge van ander mense kan leer en dat om 'n nuwe vaardigheid te leer, oefening en geduld verg.



## Begripstrategie: Maak afleidings

- Wat is dit? Om dinge te raai wat die skrywer nie direk verduidelik nie, deur leidrade in die verhaal te gebruik.
- Hoekom gebruik ons dit? Om dieper betekenisse en verborge boodskappe te verstaan.
- Hoe help dit ons? Dit help jou om gevolgtrekkings te maak terwyl jy lees, en om die storie en karakters beter te verstaan.



## 'n Paar punte om met u leerders te deel

- Meditasie is 'n manier om stil te sit en jou aandag te fokus, dikwels op jou asemhaling om jou te help om kalm en ontspanne te wees.
- Gesinne mag verskillende gebruike, oortuigings of daaglikse praktyke hê. Iets wat vir een persoon ongewoon lyk, kan 'n normale deel van 'n ander gesin se lewe wees.
- Wanneer ons probeer om op een ding te fokus, dwaal ons gedagtes dikwels na ander dinge, soos skool, vriende, kos of dinge wat ons moet doen. Dit is normaal en gebeur met almal!
- Die meeste nuwe vaardighede is moeilik om te leer. Mense moet gewoonlik baie oefen voordat hulle gemaklik of suksesvol daarin is.



Om hierdie strategie te gebruik:

| Bladsy en paragraaf | Lees | Sê |
|---|---|---|
| 88, 2 | Wat doen hulle, wonder Zandri. | Zandri wonder wat die Kapoor-gesin doen, so ek kan aflei dat dit die eerste keer is wat sy iemand sien mediteer. |
| 90, 1 | Daardie middag toe Zandri by die huis kom, gaan sy na hulle agtertuin. Sy gaan sit op die grond. Sy kruis haar bene. Sy maak ’n lae zoemgeluid: “Hhhmmm.” | Zandri doen alles wat sy vir Geeta se ouers gesien doen het. Ek kan aflei dat sy ook probeer om te mediteer. Miskien is sy op soek na ’n manier om kalm te voel. |


Zandri word vroeg wakker. Dit is nog donker in die huis. Sy neem haar boek en gaan buitentoe.

Zandri gaan sit en begin om te lees.



Toe hoor sy 'n vreemde geluid. Sy gaan staan op haar stoel en kyk oor die heining. Sy sien hoe mnr. en mev. Kapoor op die grond sit. Hulle prewel 'n mantra.

Wat doen hulle, wonder Zandri.



Daardie dag by die skool sien Zandri vir Geeta terwyl sy haar middagete eet. “Ek het jou ouers vanoggend op die grond sien sit,” sê Zandri. “Hoekom doen hulle dit? Dit was vreemd!”

“Dit is nie vreemd nie!” sê Geeta. “Dit is net meditasie!”

“Wat is meditasie?” vra Zandri.

“Jy mediteer om kalm te raak en jou gedagtes stil te maak,” antwoord Geeta.



Daardie middag toe Zandri by die huis kom, gaan sy na hulle agtertuin. Sy gaan sit op die grond. Sy kruis haar bene. Sy maak ’n lae zoemgeluid: “Hhhmmm.”

Sy voel nie kalm nie. “Ek wonder hoe dit werk,” wonder Zandri hardop.



Die volgende dag kry Zandri vir Geeta. “Ek het probeer mediteer,” sê Zandri.

Geeta lag: “Jy het dit verkeerd gedoen!”

“Wat bedoel jy?” vra Zandri, haar gesig voel warm. “Hoe weet jy?”

Geeta se wange word rooi. “Hmm, ek het oor die heining gekyk en jou gesien.”

Zandri en Geeta begin albei lag. “Kom na skool na my huis toe,” sê Geeta. “Ek is seker my pa sal jou wys wat om te doen.”



Na skool sit Zandri haar skooltas by die huis neer. Toe gaan sy langsaan toe. Sy klop aan die Kapoors se deur.

Geeta maak die deur oop. "O, hallo, Zandri!" sê Geeta. "Kom binne. Ek het vir my pa gesê jy gaan kom."

Mnr. Kapoor sit by die kombuistafel en lees die koerant. "Zandri!" sê hy met 'n groot glimlag op sy gesig. "Ek hoor jy wil leer om te mediteer!"



Mnr. Kapoor sit sy koerant neer. “Kom ek wys jou hoe,” sê hy en wys na Zandri. “Jy kan ook kom,” sê mnr. Kapoor vir Geeta. Die meisies volg hom na die agtertuin.

Mnr. Kapoor wys vir Zandri hoe om te sit. Geeta help Zandri om haar hande op die regte plek te sit. Hulle wys vir Zandri hoe om stadige, diep asemteue te neem. “Vergeet van alles,” sê Geeta. “Maak jou oë toe en dink net aan jou asemhaling.”



Hulle sit vir ’n lang tyd saam.

Zandri probeer dink aan haar asemhaling, maar soveel dinge gaan deur haar gedagtes. Sy dink aan môre se Wiskunde-huiswerk. Sy dink aan hoe honger sy voel. Sy dink aan wat haar ma vir aandete gaan maak.



“Voel jy kalm?” vra mnr. Kapoor vir Zandri.

“Hmm, ek weet nie of ek dit kan doen nie!” antwoord Zandri. “Ek kon nie aan my asemhaling dink nie.”

“Jy moet gereeld oefen,” sê Geeta. “Kom môre terug as jy wil. Ons kan saam oefen!”



En sy het.





Lees 1

**Wie is Zandri se bure?**
Die Kapoors. Geeta en haar ouers.

**Wat wou Zandri leer om te doen?**
Sy wou leer om te mediteer.

**Wat moet sy doen om te mediteer?**
- Sy moet reg sit.
- Sy moet haar hande op die regte plek sit.
- Sy moet stadig en diep asemhaal.
- Sy moet haar oë toemaak en dink aan haar asemhaling.

**Hoekom het Zandri na die Kapoors se huis gegaan?**
- Omdat sy wil leer om te mediteer.
- Omdat Geeta vir haar gesê het sy kan kom leer.
- Miskien wil sy 'n manier kry om kalm te voel.



Lees 2

**Wat het Zandri gesien toe sy oor die heining loer?**
Sy het die Kapoors (Geeta se ouers) sien mediteer in hulle agtertuin.

**Wat het Geeta gesien toe sy oor die heining loer?**
Sy het gesien hoe Zandri probeer mediteer.

**Hoe het Zandri gevoel toe sy uitvind dat Geeta haar gesien het?**
- Sy mag skaam gevoel het.
- Sy mag verras gevoel het.

**Hoekom moet Zandri aanhou oefen om te mediteer?**
- Omdat jy gereeld moet oefen.
- Omdat sy regtig wil leer om te mediteer.
- Omdat sy nog leer. Meditasie is moeilik.
- Omdat sy probeer, want sy voel nie kalm nie.
- Omdat sy genoeg wil oefen om kalm te voel.



VERHAAL8

# WIE IS KATHERINE JOHNSON?

Tema: Ons leer nuwe dinge





## Agtergrondinligting

- Hierdie teks is 'n nie-fiksieverhaal.
- Dit speel af in Suid-Afrika.
- Dit speel in die hede af, met karakters wat gebeure wat in die verlede plaasgevind het, bespreek.
- Hierdie verhaal sal u leerders help om te verstaan dat ons nuwe dinge van ander mense, van boeke en van belangrike mense uit die geskiedenis kan leer. Dit wys ook hoe leer en opvoeding mense kan help om probleme op te los en groot dinge te bereik.



## Begripstrategie: Maak afleidings

- Wat is dit? Om dinge te raai wat die skrywer nie direk verduidelik nie, deur leidrade in die verhaal te gebruik.
- Hoekom gebruik ons dit? Om dieper betekenisse en verborge boodskappe te verstaan.
- Hoe help dit ons? Dit help jou om gevolgtrekkings te maak terwyl jy lees, en om die storie en karakters beter te verstaan.



## 'n Paar punte om met u leerders te deel

- 'n Wiskundige is 'n persoon wat getalle, patrone en berekeninge gebruik om probleme op te los. Het jy geweet dat wiskunde gebruik word vir die ontwerp van geboue, om die weer te voorspel en om ruimtetereise te beplan?
- In die jaar 1969 het mense in 'n ruimtetuig na die maan gereis en vir die eerste keer op die maanoppervlak geland. Baie wetenskaplikes, ingenieurs en wiskundiges het saamgewerk om dit moontlik te maak.
- NASA is die Verenigde State se ruimte-agentskap. NASA beplan en voer ruimtemissies uit, insluitend die stuur van ruimtevaarders na die ruimte en na die maan.
- Diskriminasie is wanneer mense onregverdig behandel word as gevolg van iets wat hulle nie kan verander nie, soos hul ras, geslag, taal of gestremdheid. Diskriminasie kan keer dat mense dieselfde geleenthede as ander te kry.



Om hierdie strategie te gebruik:

| Bladsy en paragraaf | Lees | Sê |
|---|---|---|
| 103, 1 | “Katherine is hoërskool toe, toe sy net 10 jaar oud was. Dink net as jy nou met hoërskool moes begin!” sê mnr. Kapoor. “Sy is universiteit toe, toe sy net 14 was!” Sy was so goed met Wiskunde dat die professore ’n nuwe, spesiale kursus vir haar moes saamstel.” | Hoe weet ons dat Katherine baie slim was? O ja, ek kan aflei dat sy baie slim was omdat sy hoërskool toe gegaan het toe sy nog baie jonk was, en ook omdat sy haar eie spesiale kursus op universiteit gehad het. |
| 104, 1 & 2 | Geeta probeer haar voorstel hoe sy hoërskool toe gaan in plaas van graad 4. Sy stel haar voor hoe sy by ’n groot hoërskoolbank sit saam met ouer hoërskoolkinders.<br><br>“Ek dink nie ek is al reg vir hoërskool nie!” sê sy. | Ek wonder hoekom Geeta haarself probeer visualiseer/sien op hoërskool? O ja! Ek kan aflei dat sy omtrent dieselfde ouderdom moet wees as wat Katherine was toe sy met hoërskool begin het. Sy probeer haarself indink hoe dit moes gevoel het. |

Een warm aand sit Geeta en haar pa in hul agtertuin en kyk na die helder volmaan. “Ek wil eendag maan toe gaan! Ek wil in die lug rond sweef sonder swaartekrag!” sê Geeta droomverlore.

“Ek sal nie daarvan hou om aan jou te dink wat in ’n vuurpyl verbyskiet nie!” lag mnr. Kapoor. “Miskien moet jy eerder soos Katherine Johnson wees.”

“Wie is Katherine Johnson?” vra Geeta.

“Sy was ’n briljante wiskundige. Sy het nie maan toe gegaan nie, maar niemand sou maan toe kon gaan sonder haar nie,” verduidelik mnr. Kapoor.



“Ek lees dat Katherine alles getel het,” vertel mnr. Kapoor vir Geeta. “Sy het die bakke in haar kombuiskas getel. Sy het getel hoeveel treë sy op pad skool toe gee. Sy het selfs probeer tel hoeveel sterre daar in die hemel is!”

Geeta kyk op na die sterre en begin hulle tel. In een klein stukkie hemel tel sy meer as 100 sterre. “Die hele hemel moes haar vir ewig geneem het!” lag Geeta.



"Katherine is hoërskool toe, toe sy net 10 jaar oud was. Dink net as jy nou met hoërskool moes begin!" sê mnr. Kapoor. "Sy is universiteit toe, toe sy net 14 was! Sy was so goed met Wiskunde dat die professore 'n nuwe, spesiale kursus vir haar moes saamstel."



Geeta probeer haar voorstel hoe sy hoërskool toe gaan in plaas van graad 4. Sy stel haar voor hoe sy by ’n groot hoërskoolbank sit saam met ouer hoërskoolkinders.

“Ek dink nie ek is al reg vir hoërskool nie!” sê sy.



“Katherine wou ’n navorsingswiskundige word. Sy was briljant en goed opgelei. Toe sy haar universiteitsgraad gekry het, was dit baie moeilik vir vroue, veral swart vroue, om hierdie tipe werksaanbod te kry, as gevolg van die diskriminasie wat hulle moes verduur,” sê mnr. Kapoor.



“Wat is diskriminasie?” vra Geeta haar pa.

“Wel, diskriminasie is wanneer mense jou onregverdig behandel oor iets wat hulle nie kan verander nie – soos jou ras of geslag. Katherine is behandel asof sy nie so slim soos ander mense is nie, oor haar velkleur en geslag.”

Geeta dink aan die keer toe Malcolm haar gespot het dat sy nooit so goed in Wiskunde sal wees soos hy nie, want sy is ’n meisie. “Diskriminasie voel nie lekker nie,” sê sy, “en dit is nie waar nie – ek kry altyd beter punte vir my Wiskunde-huiswerk as Malcolm!”



“Stel jou voor as Malcolm probeer het om jou Wiskunde-huiswerk te vat en sy naam daarop te skryf!” vertel mnr. Kapoor verder. “Toe Katherine net begin het om by NASA, die ruimte-agentskap, te werk, was sy verantwoordlik om verslae oor haar werk te skryf. Die mans waarvoor sy gewerk het, wou nie toelaat dat sy haar naam op haar verslae skryf nie. So het die mans al die erkenning vir haar werk gekry. Sy is nie toegelaat om vergaderings by te woon saam met die mans wat saam met haar gewerk het nie. Katherine moes weer en weer vir mense laat verstaan dat sy daar hoort. Uiteindelik het sy toestemming gekry dat haar naam op haar verslae mag staan en sy is by vergaderings ingesluit.

Geeta stel haar voor as Malcolm haar huiswerk sou steel en sy naam daarop sou skryf. Sy stel hul onderwyser, mnr. Prinsloo, voor wat vir Malcolm prys vir haar harde werk. “As ek Katherine was, sou ek wou … skree!” sê Geeta.

“Selfs met daardie struikelblokke, was Katherine een van die briljantste mense by NASA. Sy het gehelp met die berekeninge om die eerste persoon in die ruimte te kry. Sy het help beplan vir die eerste vlug na die maan, en ook vir ruimtevlugte daarna. Na haar aftrede het Katherine gepraat oor hoe belangrik Wiskunde-onderrig vir alle kinders is,” sê mnr. Kapoor. “So, ek dink sy sou wou hê dat jy eerder Wiskunde moet leer, in plaas daarvan om maan toe te gaan!” lag mnr. Kapoor.



“Tyd om te gaan slaap!” sê hy. Geeta kyk nog een keer na die maan. Sy stel haar voor hoe Katherine bereken het hoe om daar te kom. Toe volg sy haar pa na binne.





Lees 1

**Wie was Katherine Johnson?**
Katherine Johnson was ’n bekende wiskundige wat vir NASA gewerk het.

**Hoe oud was Katherine toe sy met hoërskool begin het?**
Sy was 10 jaar oud toe sy met hoërskool begin het.

**Hoe is daar teen Katherine gediskrimineer?**
- Dit was vir haar moeilik om ’n werk te kry, selfs al was sy briljant en goed opgelei.
- Sy is behandel asof sy nie so slim was soos ander mense nie, omdat sy swart was.
- Die mans by NASA het probeer om die erkenning te kry vir haar verslae. Sy is nie toegelaat om haar naam daarop te skryf nie.
- Sy is nie toegelaat om die vergaderings by te woon saam met die mans saam met wie sy gewerk het nie.



Lees 2

**Soos wie wil mnr. Kapoor hê moet Geeta wees?**
Hy wil hê Geeta moet soos Katherine Johnson wees.

**Wie het teen Geeta gediskrimineer?**
Malcolm het teen Geeta gediskrimineer.

**Hoekom het Geeta se pa voorgestel dat sy soos Katherine Johnson moet wees?**
- Omdat hy nie wil hê Geeta moet in ’n vuurpyl na die maan skiet nie – hy wil hê sy moet eerder Wiskunde doen.
- Miskien omdat hy gedink het Katherine Johnson is ’n indrukwekkende mens.
- Miskien omdat hy wou hê Geeta moet teen diskriminasie stry soos wat Katherine Johnson gedoen het.



NHLRP National Home Language Reading Programme